higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

372Q1N2421

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skyf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

welstand; swam; groeitekort; sorg; mishandeling; 18 maande; kombuis; letsels; kinderregte; 12 maande; waterpokkies; etiek; virus

1.1 'n Jong ma wat elke dag moet gaan werk, sal probeer om die regte soort … vir haar kind te vind.

1.2 Ringwurm is 'n …

1.3 Een van die belangrikste kliniese kenmerke van Fetale Alkoholsindroom is …

1.4 Gesonde holistiese ontwikkeling verwys na …

1.5 MIV kan oorgedra word wanneer besmette bloed … binnedring.

1.6 'n Naam en 'n nasionaliteit is 'n voorbeeld van …

1.7 Die … is 'n omgewing wat vir 'n kind gevaarlik kan wees.

1.8 … is 'n kindersiekte.

1.9 'n Kind is gewoonlik op die ouderdom van ongeveer… gereed om met toiletopleiding te begin.

1.10 Dit is 'n statutêre vereiste om enige tipe … van kinders te rapporteer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

2.1 Vitamien A is 'n maateenheid wat aandui hoeveel energie 'n bepaalde soort voedsel sal verskaf.

2.2 Stereotipering verwys na veralgemenings wat oor 'n groep mense gemaak word, waarin identiese kenmerke aan al die lede van die groep toegewys word.

2.3 'n Pleeggesin sal gewoonlik die kind wat in hul sorg is, aanneem.

2.4 Borsmelk bevat alle tipes proteïne, koolhidrate en vette wat die maklikste deur die baba verteer word.

2.5 Kinders met spesiale behoeftes moet nie dieselfde as ander kinders hanteer word nie.

2.6 'n Voordeel van borsvoeding is dat dit niks kos nie.

2.7 Kinders moet voedselaanvullings neem indien hulle swak eetgewoontes het.

2.8 Mononatrium is 'n voedselaanvulling.

2.9 Die betekenis van die letters in noodprosedure ABS is soos volg: A – maak die lugweg skoon; B – tree daadwerklik op; C – kontroleer lewens. (*A – clear the airway, B – be bold, C − check vitals*).

2.10 Indien 'n ongeluk plaasvind, moet dit in die ongeluksboek aangeteken word indien daar nie met die ouers in verbinding getree kan word nie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Hierdie inisiatief help om wanvoeding te voorkom	A	verwaarlosing
3.2	'n Betreurenswaardige voorval wat onverwags en onbedoeld plaasvind	B	maagvirus
3.3	Versuim om 'n higiëniese omgewing vir die kind te voorsien	C	universele voorsorgmaatreëls
3.4	'n Manier om weerstand teen infeksie op te bou	D	gelaatstrekke
3.5	'n Kind wat FAS het, kan op grond van hulle … identifiseer word.	E	Geïntegreerde Voedingsprogram
3.6	Verwys na die aantal sterftes van kinders jonger as 1 jaar	F	inenting
3.7	'n Ander word vir gastro-enteritis is …	G	Down-sindroom
3.8	'n Voorbeeld van persoonlike higiëne	H	ongeluk
3.9	Hierdie program voed behoeftige leerders	I	noodgeval
3.10	Die term wat gebruik word wanneer alle bloed asook ander ligaamsvloeistowwe hanteer word asof dit besmet is	J	kindersterfte
		K	Nasionale Skoolvoedingsprogram
		L	was jou hande nadat jy die toilet gebruik het

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Kinder (-mishandeling/-verwaarlosing) kom voor wanneer die versorger versuim om in die kind se basiese behoeftes te voorsien.

4.2 MIV en VIGS is ‘n (pandemie/epidemie).

4.3 Hou (onderwysers se nommers/noodnommers) langs die telefoon en maak seker almal leer die nommers.

4.4 Die (Kindersorgwet/Wet op Kindersorg) is verplig om te verseker dat kinders beskerm word en die bes moontlike sorg ontvang.

4.5 Die mees algemene brandwond word deur (elektrisiteit/warm vloeistof) veroorsaak.

4.6 Binnenshuise ruimte moet (1.5 vkm/2 vkm) per kind wees.

4.7 ‘n (Gesin/gemeenskap) is ‘n groep van twee of meer persone wat deur geboorte, die huwelik of aanneming verwant is en saamwoon.

4.8 (Werk/Speel) laat kinders toe om die wêreld om hulle te verken sonder om mislukking te vrees.

4.9 In die Hindoe-kultuur eet mense nie (beesvleis/lamsvleis) nie.

4.10 (Resussitasie/Inkapasitering) kan uitgevoer word op ‘n kind wat ophou asemhaal.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Kyk na die prente en beantwoord dan die vrae.



PRENT 1



PRENT 2



PRENT 3



PRENT 4

5.1.1 Identifiseer die kinderreg wat in die VIER prente uitgebeeld word. (4)

5.1.2 Gee ‘n kort voorbeeld van elke reg wat jy in VRAAG 5.1.1 identifiseer het. (4)

5.1.3 Gee VYF regte van ‘n gestremde kind. (5)

5.2 Sinoxola het AGHS en woon ‘n hoofstroomskool by. Hy raak dikwels baie kwaad omdat hy altyd in die moeilikheid kom omdat hy sy medeleerders ontwrig.

5.2.1 Wat is die betekenis van ‘n hoofstroomskool? (2)

5.2.2 Wat beteken *inklusiewe onderwys*? (3)

Kopiereg voorbehou

5.2.3 Hoe kan ‘n praktisyn Sinoxolo se uitdagings met AGHS suksesvol akkommodeer? (3 × 2) (6)

5.3 Noem SES veiligheidsvereistes van ‘n dagsorgsentrum ingevolge die statutêre vereistes wat deur die Departement van Maatskaplike Dienste voorgeskryf word. (6)
[30]

VRAAG 6

6.1 Definieer die volgende konsepte:

6.1.1 Versorger (2)

6.1.2 Broodwinner (2)

6.1.3 Uitgebreide gesin (3)

6.1.4 Kerngesin (3)

6.1.5 Pleeggesin (2)

6.2 Doen ‘n kritiese ontleding van die rol van mans as versorgers van jong kinders. (4)

6.3 Die aantal gesinne waarvan kinders aan die hoof staan, is aan die toeneem in Suid-Afrika.

Gee DRIE redes waarom dit gebeur. (3 × 2) (6)

6.4 ‘n Kind in jou program het MIV.

Bespreek VIER maniere waarop jy hierdie kind kan ondersteun. (4 × 2) (8)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Die Pad na Gesondheid-kaart ('Road to Health Chart') is 'n belangrike dokument wat uitgereik word aan alle babas wat in Suid-Afrika gebore word.



7.1.1 Wat is die doel van die Pad na Gesondheidkaart? (4 × 2) (8)

7.1.2 Daar is verskeie lyne op die gewig-tot-lengtekaart.

(a) Wat dui die stippellyn aan?

(b) Waarop sou dit dui indien die kind se gewig in hierdie area is? (2 × 1) (2)

7.1.3 Wat is die belangrikste redes vir kindersterftes? (4)

7.1.4 Verduidelik kortliks wat dit beteken om jou huis *kinderbestand* te maak. (2)

7.2 Noem TWEE simptome wat 'n persoon met polio kan toon. (2)

7.3 7.3.1 Verduidelik die term *kop-en-stertwas ('top and tail).*

7.3.2 Waarom word dit gebruik?

(2 × 2) (4)

7.4 Beantwoord die volgende vrae oor rondewurm:

7.4.1 Waar word rondewurm aangetref? (1)

7.4.2 Verduidelik hoe die infeksie plaasvind. (4)

7.5 Noem DRIE tipes voumetodes vir babadoeke. (3)

[30]

VRAAG 8

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

Kinders eet graag ‘n snoephappie gedurende skooltyd. Hulle hou ook daarvan om vir ander kinders te wys watter kos hulle saam skool toe gebring het. Sommige kinders bring nie enige kos skool toe nie; dit is altyd so mooi om te sien hoe die kinders hul kos met mekaar deel.

8.1 Bespreek hoe jy etenstye vir kinders aangenaam kan maak. Gee voorbeelde. (3 × 2) (6)

8.2 Indien kinders hul eie kosblikke skool toe bring, moet dan ‘n beleid or gesonde kos wees? Motiveer jou antwoord. (1 + 2) (3)

8.3 Watter tipes gesonde snoephappies kan ‘n ouer in ‘n kind se kosblik insluit? (4)

8.4 Noem die VYF verskillende voedselgroepe. (5)

8.5 Jou dagsorgsentrum het besluit om ‘n tuin aan te plant om groente vir kinders te verbou.

Verduidelik wat alles ingesluit moet word wanneer ‘n tuin vir die dagsorgsentrum beplan word. (3 × 2) (6)

8.6 Noem EEN voedselsoort wat die volgende kulture NIE sal eet nie.

8.6.1 Moslem

8.6.2 Joods

8.6.3 Veganisties

(3 × 1) (3)

8.7 Wat is die verskil tussen *‘n verkoue* en *griep*? (3)

[30]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Watter tekens toon ‘n baba met gastro-enteritis gewoonlik?

9.1.2 Waarom is dit belangrik om mediese sorg te kry vir ‘n baba met gastro-enteritis?

(2 × 3) (6)

9.2 Dit is belangrik dat die VKO-sentrum ‘n noodplan vir noodsituasies het, bv. ‘n brand.

Watter kriteria moet in die noodplan ingesluit word? (5)

9.3 Kinders is baie nuuskierig, veral wanneer hulle begin kruip en loop.

Hoe sal jy die binnenshuise area van die dagsorgsentrum veilig maak? (5 × 2) (10)

9.4 Bespreek VIER veiligheidskwessie waarvan ‘n mens bewus moet wees wan neer jy speelgoed vir babas koop.

(4 × 2) (8)

9.5 Wat is gewoonlik die eerste simptoom van pampoentjies? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou